Beeld-Sake	Page 12
13 May 2014	

Raubex maak staat op e-tol, staatsprojekte

Helêne Cilliers

Pretoria. – Of die regering sy infrastruktuur-ontwikkelingsplan vinnig kan instel en e-tolin-vordering in Gauteng suksesvol is, sal bepaal of daar vanjaar meer werk in die paaie-sektor vir die konstruksiemaatskappy Raubex sal wees.

Rudolf Fourie, uitvoerende hoof, sê Sanral het klaar ontwerpte tolpaaie in ander dele van die land, maar die Gautengse hoofwegverbeteringsprojek (GFIP) is 'n groot las vir die padagentskap.

Volgens Fourie was die afgelope finansiële jaar vol uitdagings vir die konstruksiebedryf.

Raubex se omset vir die jaar tot op 28 Februarie het met 12,2% gestyg van R5,64 miljard tot R6,33 miljard en sy bedryfswins is 11,6% groter op R539,9 miljoen.

Hy sê Raubex moet ander maniere vind om sy inkomste aan te vul omdat mededinging sterk en marges erg onder druk is. Die groep kyk dus ernstig na meer projekte elders in Afrika.

Die afgelope jaar het projekte buite Suid-Afrika 26% van Raubex se bestelboek uitgemaak, die hoogste vlak nóg.

In die jaar het hy die bitumen-vervaardiger Tosas van Sasol verkry en hy is besig met nog twee verkrygings, 'n klipbreker in die Noord-Kaap en 'n asfalt-vervaardiger in KwaZulu-Natal. Dié twee transaksies is nog onderhewig aan goedkeuring van die mededingingsowerhede.

Fourie sê strategies het Raubex nie 'n ander keuse gehad as om die Tosas-verkryging te doen nie, aangesien dit hom van 'n konstante voorraad bitumen vir sy padkonstruksiewerk sal verseker.

Raubex se totale bestelboek staan nou op R6,55 miljard. Hy het 'n dividend van 35c per aandeel verklaar.

Sy aandeelprys was gister teen sluitingstyd -0,04% laer op R23,10.

Reproduced by Instinctif Partners. (SA) PTY Ltd
Formerly known as College Hill.
The contents of the publication from which the above extract has been taken are copyright works and without prior permission may not be copied further.